

Dinsdag 18 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 10:9-15

Fokusgedeelte: Romeine 10:9-10

Versoening – 'n nuwe lewe in die opgestane Here

Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word ... Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos.

Die verlossing wat God skenk, word nie die mens se deel deur eie kraginspanning nie, maar deur die eenvoudige toeëiening van wat verkondig word. Dit geskied deur aanvaarding in geloof en belydenis van geloof. Die verlossing word die deel van die mens wanneer hy gelowig dieselfde sê wat in die prediking aan hom verkondig is en gelowig met sy hart daarop rus. Die uitdrukking met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, gee die hoofsaak van die evangelie aan, en is moontlik vaste terme wat destyds reeds gebruik is as 'n kort samevatting van die Christelike geloof.

Die belydenis dat Jesus die Here is, behels eintlik die hele Christelike boodskap en in die belydenis dat Hy uit die dode opgewek is, lê die fundering en bewys daarvan dat Hy die Here is. Die opstanding van Christus is die groot keerpunt van die geskiedenis, die aanbreek van die nuwe eeu, die deurbraak van die koninkryk van God in hierdie wêreld. Daarom neem dit so 'n groot plek in die prediking van die apostels in.

Nog 'n keer word verduidelik dat ons met die hart glo tot geregtigheid en met die mond bely tot redding. Die geregtigheid en redding is twee woorde vir dieselfde saak van verskillende kante bekyk. Dan verstaan ons dat jy nie twee dinge kry deur geloof en belydenis nie. Albei vorm saam die één daad van die toeëiening van die geregtigheid wat as geskenk deur God gegee word.

Sing: Skrifberyming 33 (2-4):3

Ds. MP Fourie (MP) (emeritus)